# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

### 1. STELLING VAN DIE PROBLEEM:

Die taak van die skool is hoofsaaklik intellektueel van aard. Om hierdie taak uit te voer het die skool slegs 'n bepaalde tyd tot sy beskikking. Die vraagstuk is dan nou hoe die skool die bepaalde tyd tot sy beskikking gaan gebruik om sy taak te behartig, d.w.s., hoe hy sy werkprogram reël, of die skoolrooster opstel.

Die opvoeder moet dit steeds in gedagte hou dat sy tyd beperk is in die opvoedingstaak. Om die beste gebruik te maak van die beperkte tyd, moet hy sy opvoedingsprogram so reël dat hy die beskikbare tyd die beste kan benut. Die doeltreffende gebruik van die beskikbare tyd in die skool is een van die belangrikste probleme in die opvoedingstaak. Drachler[1] stel dit so: „Time is in a real sense both the time and space of the teacher's job. In no teaching unit can we with impurity ignore or misjudge the time element. The time allotment can alter, transform, or substantially negate the nature of the teaching mission."

Die skoolrooster sal aandui hoeveel uur per dag daar onderwys gegee word en wat op elke tydstip in daardie vasgestelde ure gedoen moet word. Dis begryplik dat so 'n program van werksaamhede verband moet hou; dit is 'n deel van 'n geheel; dit moet aansluit by die hele opvoeding van die kind. Die werkprogram van die skool sal dus deur baie faktore beïnvloed word en die bestudering van hierdie faktore sal dan ook 'n vername deel uitmaak van hierdie ondersoek.

---

1) Drachler, Jacob: Of Time and the Curriculum; High Points, May 1954, 13.

Die ondersoeker wil dit duidelik stel dat in hierdie ondersoek onder „skoolrooster" hier bedoel word die tyd wat daar werklik skoolgehou word, met die insluiting van die pouses en voeding. Die roosters vir tuiswerk en na-uurse bedrywighede, soos bv. sport, ens., val nie in die veld van hierdie ondersoek nie.

2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK:

(a) Die Historiese ontwikkeling van die laerskoolrooster in Transvaal in die 20ste eeu.

As doelstelling geld in die eerste plek om die ontwikkeling van die laerskoolrooster in Transvaal na te gaan vanaf die begin van die 20ste eeu. In hierdie historiese oorsig sal veral die volgende faktore i.v.m. roostersamestelling ter sprake wees: die lengte en sittingstye van die skooldag; die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak word; die tyd wat aan elke vak gegee word; die duur van elke les; die reëling van die pouses; die verspreiding van die vakke oor die werkdag; die voorskrifte van die owerheid.

(b) Bestudering van die tegniese aspekte t.o.v. roostersamestelling; en die belangrikste faktore wat geld by roostersamestelling:

In die tweede plek geld as doelstelling om die tegniese aspekte t.o.v., en die belangrikste faktore wat geld by roostersamestelling in die laerskool uit 'n empiriese, sielkundige en opvoedkundige oogpunt te bestudeer aan die hand van die ondersoekwerk wat reeds in dié verband gedoen is.

Die volgende aspekte t.o.v. die vraagstuk van roostersamestelling word hier bespreek:

(i) Die lengte en sittingstye van die skooldag.

(ii) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moet word.

(iii) Die tyd wat aan elke vak gegee moet word.

(iv) Die duur van elke les.

(v) Die reëling van die pouses.

(vi) Die verspreiding van die vakke oor die werkdag.

(vii) Die probleem van vermoeidheid op skool.

(viii) Die skool- en huisomgewing.

(ix) Die voorskrifte van die owerheid.

(x) Die werkverdeling van die personeel.

(xi) Geleentheid vir indiwiduele selfwerksaamheid.

(xii) Skoolorganisasie.

(xiii) Leerplanorganisasie.

(c) Ontleding en kritiese bespreking van 'n aantal laerskoolroosters in Transvaal:

In die derde plek geld as doelstelling om 'n aantal laerskoolroosters, soos tans in gebruik in Transvaal, te ontleed en om dit krities te bespreek aan die hand van die bevindinge soos dit blyk uit hierdie studie.

(d) Die samestelling van 'n wetenskaplik verantwoorde rooster:

Laastens stel die ondersoeker hom dit ten doel om in die lig van hierdie studie tot die samestelling van 'n wetenskaplik verantwoorde laerskoolrooster te kom.

3. DIE METODE VAN ONDERSOEK.

(a) Die Historiese Ontwikkeling van die Laerskoolrooster in Transvaal in die 20ste eeu:

Om gegewens in te samel oor hierdie deel van die ondersoek, moes die ondersoeker hom uitsluitlik verlaat op publikasies van die Transvaalse Onderwysdepartement en op Wetgewinge i.v.m. onderwys. Alle Departementele Omsendbriewe en Rapporte vanaf die begin van die 20ste eeu is nagegaan, asook die Leerplanne en die Handboeke van Instruksies aan skoolhoofde, soos van tyd tot tyd gepubliseer.

(b) Bestudering van die tegniese aspekte t.o.v. roostersamestelling en die belangrikste faktore wat geld by roostersamestelling:

By die bestudering van die vraagstuk van roostersamestelling het die ondersoeker die vernaamste resente werke oor die probleem van die opvoeding, skoolorganisasie- en administrasie geraadpleeg. Verder is ook 'n groot aantal opvoedkundige tydskrifte geraadpleeg.

(c) Ontleding en kritiese bespreking van 'n aantal laerskoolroosters in Transvaal:

Om 'n aantal laerskoolroosters te bekom is 'n groot aantal skoolhoofde per brief genader om afskrifte van hul skoolroosters aan die ondersoeker te stuur. Die roosters op die wyse verkry, is verteenwoordigend van die hele Transvaal, d.w.s. dit is afkomstig uit al die Inspeksiekringe en Skoolraadsgebiede (op een na). Verder is die skole ook so gekies dat daar roosters verkry is van groot, middelmatige sowel as klein skole uit die verskillende streke van die provinsie.

Die verkreë skoolroosters is vervolgens ontleed t.o.v. die verskillende aspekte van roostersamestelling. Die gegewens verkry uit die ontleding word dan verder krities bespreek en vergelyk met die gevolgtrekkings waartoe daar geraak is tydens die ondersoek m.b.t. die tegniese aspekte en faktore t.o.v. roostersamestelling.

(d) Die samestelling van 'n wetenskaplik verantwoorde rooster:

Ten slotte kom die ondersoeker tot die samestelling van 'n wetenskaplik verantwoorde rooster op grond van sy ondersoek.

- - - - - - - - - - - - - - - -